

STANDAARD TERME EN VOORWAARDES

Let asseblief op dat hierdie standaard bepalings en voorwaardes aanvaar geag te wees deur die Koper, (en derhalwe bindend tussen Mischa en die Koper), deur óf (i) 'n Bestelling vir Produkte te plaas (soos hieronder omskryf), óf (ii) deur betaling te laat geskied vir die aankoop van enige Produkte, óf (iii) oor die algemeen deur die gedrag van die Koper.

NB: Waar daar 'n geskil in interpretasie of betekenis is van die ooreenkoms, sal die engelse teks voorrang geniet.

1. WOORDOMSKRYWING

- 1.1 Vir doeleindes van hierdie Standaard Bepalings sal die volgende bepalings die volgende beteken, tensy die konteks die teendeel aandui.
 - 1.1.1 **“Besigheidsdag”** beteken enige ander dag as 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag soos amptelik erken as sulks in die Republiek van Suid-Afrika en “Besigheidsdae” sal dienooreenkomstig vertolk word;
 - 1.1.2 **“Koper”** beteken enige persoon/klant meer volledig beskryf in 'n Kwotasie, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n regspersoon, of andersinds;
 - 1.1.3 **“Verbruikerswet”** beteken die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet No. 68 van 2008, soos gewysig);
 - 1.1.4 **“Mischa”** beteken Mischa Premier Vines CC, (registrasienommer 1987/002460/23), 'n beslote korporasie met beperkte aanspreeklikheid behoorlik geregistreer as sulks in die Republiek van Suid-Afrika, of sy opvolgers in titel;
 - 1.1.5 **“Bestelling”** beteken 'n bestelling vir die verskaffing van Produkte soos uiteengesit in óf 'n (i) Kwotasie, óf (ii) 'n Bestelvorm, in iedergeval welke dokument aanvaar is deur Mischa en wat deur hierdie Standaard Bepalings gereguleer word;
 - 1.1.6 **“Bestelvorm”** beteken 'n dokument wat as bewys dien van/of dui op 'n Bestelling soos vervat in óf 'n Kwotasie, óf 'n besteldokument waarna hierdie Standaard Bepalings verwys of wat aangeheg is, en enige ander aanhangsels daaraan, indien enige, wat mag insluit, maar nie beperk is nie tot, enige uitnodiging om te tender of ander dokumente uitgereik deur die Koper aan Mischa met betrekking tot die Produkte, na gelang van die geval;

- 1.1.7 **“Partye”** beteken Mischa en die Koper, en “Party” sal enige een van voorgenoemde beteken soos die konteks mag aandui;
- 1.1.8 **“Prima Koers”** beteken die jaarlikse rentekoers wat gelykstaande is aan Mischa se bank se openbare gekwoteerde jaarlikse basis rentekoers soos van tyd tot tyd bepaal, daagliks bereken en maandeliks saamgestel asof dit agterstallig is en gebaseer op ‘n 365 (drie honderd vyf en sestig) dag jaar, ongeag of dit ‘n skrikkeljaar is of nie, en gehef deur die voormelde bank op die onversekerde oortrokke transmissierekening van hul mees gewaardeerde kliënte in die privaatsektor van tyd tot tyd (en in geval van ‘n dispuut oor die koers betaalbaar, sal die koers gesertifiseer word deur enige bestuurder of assistant-bestuurder van enige tak van die voormelde bank, wat as ‘n deskundige sal optree en nie as ‘n arbiter nie, en wie se aanstelling nie bewys hoef te word nie en wie se besluit, behalwe in die geval van klaarblyklike dwaling, finaal en bindend op die Partye sal wees);
- 1.1.9 **“Produkte”** beteken wingerdsteggies en/of wingerdstokprodukte soos weergegee in ‘n Kwotasie aangevra deur die Koper vanaf Mischa dienooreenkomstig ‘n Bestelling en/of meer volledig beskryf in ‘n Bestelvorm en/of sodanige bykomende Produkte as wat skriftelik deur die Koper van Mischa van tyd tot tyd versoek mag word;
- 1.1.10 **“Kwoteer”** beteken die geskrewe dokument en/of mondelinge kwotasie van Mischa aan die Klant met betrekking tot die verskaffing van Produkte; en
- 1.1.11 **“Standaard bepalinge”** beteken hierdie standaard bepalinge en voorwaardes, tesame met alle aanhangsels, skedules en/of addendums hierby aangeheg.
- 1.2 Woorde wat na die enkelvoud verwys sal ook die meervoud insluit en omgekeerd, en woorde wat op die manlike geslag aandui sal vroue insluit, en woorde wat na natuurlike persone verwys sal ook vennootskappe en regspersone insluit.
- 1.3 Wanneer enige hoeveelheid dae voorgeskryf is in hierdie Standaard Bepalinge, sal dit geag die eerste dag uitgesluit en die laaste dag ingesluit te wees, tensy die laaste dag op ‘n Besigheidsdag val, in welke geval die laaste dag die volgende Besigheidsdag geag te wees.
- 1.4 Opskrifte van klousules sal geag word ingevoeg te wees vir gerief alleenlik en sal nie die interpretasie van hierdie ooreenkoms affekteer nie.

- 1.5 Die reël van uitleg, naamlik dat 'n kontrak teen die party wat verantwoordelik was vir die opstel en voorbereiding van die kontrak geïnterpreteer word sal nie van toepassing wees nie.
- 1.6 Enige verwysing in hierdie Standaard Bepalings na 'n Party sal insluit 'n verwysing na daardie Party se opvolgers en regsverkrygendes uitdruklik toegelaat kragtens hierdie Standaard Bepalings en, as sodanige Party gelikwideer of gesekwestreer word, sal dit ook toepaslik en bindend wees op daardie Party se likwidateur of trustee, na gelang van die geval.

2. KWOTASIE

- 2.1 'n Kwotasie gegee is nie 'n aanbod deur Mischa om die Produkte te verkoop nie, maar is slegs 'n uitnodiging deur Mischa aan die Koper om besigheid met Mischa te doen.
- 2.2 'n Kwotasie mag ter eniger tyd deur Mischa teruggetrek word.
- 2.3 Die Koper moet binne drie (3) besigheidsdae vanaf ontvangs van 'n Kwotasie van Mischa die Koper se aanvaarding van die Kwotasie oordra deur óf (i) die behoorlik voltooide Kwotasie te onderteken en dit aan Mischa terug te besorg (welke dokument dan as 'n Bestelvorm sal geld) óf (ii) betaling laat geskied van 'n deposito soos hieronder uiteengesit, in welke geval die Kwotasie 'n Bestelvorm sal raak, by gebreke waarvan die Kwotasie van nul en gener waarde sal wees.
- 2.4 Mischa mag enige Bestelling deur die Koper geplaas ingevolge 'n Bestelvorm in geheel of gedeeltelik aanvaar of verwerp. Dienooreenkomstig sal 'n bindende kontrak slegs in werking tree tussen Mischa en die Koper rakende die verskaffing van Produkte indien, Mischa na ontvangs van 'n Bestelvorm óf aan die Koper bevestig dat sodanige kontrak aangegaan is, óf betaling (of gedeeltelike betaling) aanvaar vir die Produkte so bestel en lewering in ooreenstemming met die Bestelvorm aanbied.
- 2.5 Elke Kwotasie van Mischa sal die Produkte beskryf wat die Koper graag wil koop, tesame met die koopprys, voorgenome datum en plek van lewering, of voorgenome datum en plek vir die afhaal van die Produkte deur die Koper, en enige ander inligting wat Mischa wenslik ag om in die Kwotasie in te sluit.

3. BEPALINGS WAT DIE BESTELLING VAN PRODUKTE REGULEER

- 3.1 'n Kontrak vir die aankoop van Produkte vanaf Mischa deur die Koper sal slegs ontstaan met die eerste van óf (i) die skriftelike aanvaarding van 'n Kwotasie deur die Koper (en wat sodoende 'n Bestelvorm raak) óf (ii) die lewering van die Produkte soos gespesifiseer in 'n Kwotasie aan die Koper, óf (iii) 'n betaling van die koopprys (gedeeltelik of geheel) soos gespesifiseer in 'n Kwotasie (en wat sodoende 'n Bestelvorm raak). Elke kontrak vir die aankoop van Produkte soos hierin beskryf sal 'n aparte en ondeelbare koopkontrak vir Produkte ("**Koopkontrak**") uitmaak onderhewig aan die Standaard Bepalings.
- 3.2 Die koop en verkoop van die Produkte sal gereël word dienooreenkomstig hierdie dokument, 'n Kwotasie waaraan hierdie dokument geheg mag wees, en enige spesifikasies, tekeninge of dokumente aangeheg aan of wat deel vorm van daardie Kwotasie of Bestelvorm. Vervolgens word daar ooreengekom dat die voormelde dokumente die Koopkontrak uitmaak en dat dit die ooreenkoms in geheel tussen die Partye betreffende die verkoop van die Produkte uitmaak. Die Koper of Mischa sal nie geregtig wees nie om te reken op enige ander ooreenkomste, voorstelle, onderhandelinge, Kwotasies, waarborge of verteenwoordiging (hetsy mondelings of skriftelik), met betrekking daartoe, tensy dit op skrif gestel is en dit uitdruklik in sodanige dokument gestel word dat dit as deel van die Koopkontrak geag te wees en geteken is deur Mischa.
- 3.3 Dit word spesifiek vermeld en ooreengekom dat die bepalinge en voorwaardes van enige Kwotasie, leweringsnota en/of dokumentasie deur Mischa gelewer aan die Koper voor die plasing van, of ooreenkomstig enige Bestelling van nul en gener waarde is solank die omvang van sodanige bepalinge en voorwaardes teenstrydig is met die bepalinge vervat in klousules 4.1 en 4.2 hierbo, en Mischa sal nie tot sodanige bepalinge en voorwaardes gebind wees nie.
- 3.4 In geval van teenstrydige voorwaardes van 'n Koopkontrak en/of die voorwaardes van enige dokumentasie van die Koper, of enige aanhangsels of skedules daartoe aangeheg, indien enige, sal die voorwaardes van hierdie Standaard Bepalings (en die oorblywende gedeelte van die Koopkontrak) voorkeur geniet, tensy Mischa skriftelik anders ooreenkom.

4. AANVAARDING VAN DIE BESTELLING

- 4.1 Elke Bestelling van Produkte wat die Koper by Mischa plaas, hetsy mondelings of skriftelik, sal onderhewig wees aan die bepalings en voorwaardes van hierdie Standaard Bepalings. Indien 'n Bestelling mondelings geplaas is by Mischa, sal sodanige Bestelling by wyse van 'n Bestelvorm op skrif gestel word binne 72 (twee en sewentig) uur na die mondelingse kommunikasie en sal dit geteken wees deur of namens Mischa.
- 4.2 Die Bestelvorm maak 'n aanbod van die Koper aan Mischa uit om die Produkte soos daarin uiteengesit te koop, welke aanbod skriftelik aanvaar sal word deur Mischa binne 48 (agt en veertig) uur vanaf ontvangs van die Bestelvorm. Indien die aanbod nie so aanvaar word nie, dan word dit geag nie aanvaar te wees nie en sal geen Kooppooreenkoms tot stand gekom het nie.
- 4.3 Aanvaarding van die Koper se Bestelvorm soos uiteengesit in klousule 5.2 hierbo sal 'n geldige en bindende Koopkontrak tot stand bring vanaf die datum van aanvaarding van die verkoop van die Produkte deur Mischa aan die Koper, onderhewig aan die voorwaardes van hierdie Standaard Bepalings.

5. DEPOSITO, PRYS EN BETALING

- 5.1 Die Koper erken hiermee en stem toe dat die koopprys soos uiteengesit in 'n Kwotasie, Bestelling of 'n Bestelvorm nie vasgestel is nie en dat dit onderhewig is aan enige veranderinge in die markwaarde van die Produkte op of voor die lewering van die Produkte aan die Koper, en dat dit BTW uitsluit. Onderhewig aan hierdie Standaard Bepalings, sal die finale koopprys ingevolge 'n Koopkontrak die bedrag wees soos uiteengesit op 'n geldige belastingfaktuur uitgereik deur Mischa aan die Koper.
- 5.2 Die Koper sal, tesame met die aanvaarding van die Kwotasie, voorsiening van 'n Bestelling of Bestelvorm, aan Mischa 'n nie-terugbetaalbare deposito betaal gelykstaande aan 40% (veertig persent) van die koopprys soos uiteengesit in sodanige Kwotasie, Bestelling of Bestelvorm, of sodanige ander bedrag soos daarin uiteengesit (die "**Deposito**"). Mischa behou die reg voor om die hele of 'n gedeelte van die Deposito aan te wend as gedeeltelike betaling van die koopprys verskuldig ingevolge hierdie Koopkontrak.

- 5.3 Verder tot klousule 6.1 behou Mischa die reg voor om enige kostes vervat in die Kwotasie, Bestelling of Bestelvorm te wysig en te verhoog, selfs na aanvaarding daarvan. Die koopprys vir Produkte soos uiteengesit in die Koopkontrak sal dus gewysig kan word ingeval van enige ongunstige wisseling van valuta, verhogings in staats- of wetlike heffings, verhogings in arbeidskoste, en/of verhogings ingestel deur derde party diensverskaffers en/of leweransiers.
- 5.4 Enige hersiening van enige bepalings van die Kwotasie, Bestelling, Bestelvorm of Koopkontrak, wat dit ookal mag wees, sal deur Mischa aan die Koper oorgedra word en sal in ooreenstemming wees met die verandering in die valuta wisselkoers of die verhoging van die bedrae betaalbaar (soos vasgestel in klousule 6.3), wat dit ookal mag wees. Ingevalle waar die Koper die verhoogde bedrag betwis, sal sodanige dispuut onverwyld deur enige van die partye na die rekenpligtige amptenaar of ouditeur van Mischa verwys word vir prysvasstelling, welke persoon as deskundige sal optree en nie as arbiter nie, en wie se besluit finaal en bindend op beide Partye sal wees en nie onderhewig sal wees aan 'n appèl nie.
- 5.5 Die Koper sal nie geregtig wees op enige reg tot skuldverrekening wat verband hou met die koopprys vervat in 'n faktuur van enige aard nie en sal nie betaling van die koopprys vir enige rede hoegenaamd weerhou of uitstel nie.
- 5.6 Mischa mag die Koopkontrak te eniger tyd en vir welke rede ookal kanselleer. In sodanige omstandighede sal Mischa die redelike en noodsaaklike kostes daadwerklik deur die Koper in verband met die kansellasië aangegaan, minus die Deposito, terugbetaal, op voorwaarde dat Mischa se regs aanspreeklikheid teenoor die Koper onder geen omstandighede hoegenaamd die bedrag van 'n Deposito, of die volle koopprys betaalbaar ingevolge die Koopkontrak, wat dit ookal mag wees, oorskry nie, welke een ookal die minste is.
- 5.7 Tensy andersinds in skrif deur die Partye ooreengekom, sal alle bedrae betaalbaar deur die Koper aan Mischa betaal word deur die Koper in Suid-Afrikaanse valuta binne 30 (dertig) dae vanaf datum van 'n faktuur, sonder aftrekking of skuldverrekening, met behulp van die elektroniese oorplasing van fondse in Mischa se bankrekening soos uiteengesit in die Bestelvorm, of sodanige ander bankrekening soos skriftelik aangewys deur Mischa.
- 5.8 **Sonder benadeling van enige van Mischa se regsmiddele, as enige bedrag deur die Koper verskuldig nie op die vervaldatum daarvan betaal word nie, sal sodanige bedrag rente dra teen 'n koers van 2% (twee persent) bo die Prima Rentekoers daaglik bereken vanaf die vervaldatum tot die werklike betaaldatum.**

6. LEWERING/AFHAAL VAN PRODUKTE

- 6.1 Die voorgenome datum van lewering of afhaal van Produkte soos uiteengesit in 'n Koopkontrak is onderhewig aan toepaslike weersomstandighede. **Die Koper erken hiermee uitdruklik en kom ooreen dat Mischa nie teenoor die Koper aanspreeklik gehou sal word nie vir enige skade (of verliese) van enige aard ookal wat die Koper ly, bewys of mag aangaan voortspruitend uit Mischa se versuim om die Produkte enigsins of op sodanige voorgenome datum van lewering of afhaal te verskaf, as gevolg van ongunstige weersomstandighede.**
- 6.2 Waar Mischa skriftelik ooreenkom om die Produkte aan die Koper te lewer, sal sodanige lewering die risiko van die Koper wees en sal die vervoerder of vervoerwa geag die agent van die Koper te wees.
- 6.3 Tensy Mischa in skrif ooreenkom dat die koste van die lewering ingesluit is by die prys soos in die Bestelvorm uiteengesit is, sal Mischa daarop geregtig wees om van die Koper te verhaal bo en behalwe die uiteengesette prys, alle redelike kostes aangegaan met die lewering van die Produkte aan die Koper.
- 6.4 Die Koper sal voorts aanspreeklik wees teenoor Mischa vir enige addisionele kostes aangegaan deur Mischa, insluitend maar nie beperk nie, tot stookkoste, indien enige, indien die Koper die aanvaarding van die lewering van die Produkte aangebied deur Mischa, verdraag.
- 6.5 Tyd sal nie wesenlik wees met betrekking tot die lewering van die Produkte van Mischa aan die Koper nie. Die datum van lewering deur Mischa word in goeie trou verskaf en alle redelike pogings sal aangewend word om daaraan te voldoen. **Mischa sal nie aanspreeklik gehou word teenoor die Koper vir enige vertraging in lewering van die Produkte onder enige omstandighede hoegenaamd nie.**
- 6.6 Mischa mag die Produkte lewer in besendings en geen versuim van of vertraging in die lewering van enige besending, of enige gebrek in die inhoud daarvan sal die Koper die reg gee om die Koopkontrak en/of hierdie Standaard Bepalings as ongeldig (gerepudieer) te ag wat betref die lewering van enige oorblywende besendings nie. As die Produkte in meer as een besending gelewer word, sal die Kooporeenkoms (en hierdie Standaard Bepalings) deelbaar wees en sal elke besending onderhewig wees aan 'n aparte kontrak onderhewig aan hierdie voorwaardes.

7. RISIKO EN EIENAARSKAP

- 7.1 Eienaarskap van die Produkte sal nie op die Koper oorgedra word voor die volle koopprijs nie deur die Koper aan Mischa betaal is nie.
- 7.2 Desondanks die voorbehoud van eienaarskap hierin sal die risiko in en van die Produkte van Mischa oorgedra word na die Koper op die datum van lewering of afhaal van die Produkte, wat dit ookal mag wees.

8. BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID

- 8.1 **Onderworpe aan die Verbruikerswet, doen die Koper hiermee afstand van enige eis (van watter aard ookal) wat hy regtens teen Mischa mag hê en wat ontstaan ingevolge die Koopkontrak (en/of hierdie Standaard Bepalings) en/of die Produkte en/of Mischa se versuim om aan 'n Koopkontrak te voldoen. In hierdie verband sal die Koper hiermee vir Mischa vrywaar en skadeloos stel teen enige en alle eise van watter aard ookal en hoeookal dit ontstaan het wat teen Mischa ingestel kan word deur enige derde party voortvloeiend uit die herverkoop of gebruik deur die Koper van alle Produkte, items, toerusting, goedere en/of aparate verkoop deur Mischa aan die Koper, insluitend, maar nie beperk nie tot, die inbreuk maak op enige patent, geregistreerde ontwerp, geregistreerde handelsmerk of kopiereg, of indien die Produkte gebrekkig of bederf is op enige wyse.**
- 8.2 **Die Koper vrywaar Mischa teen aanspreeklikheid en stel Mischa skadeloos teen enige en alle eise van watter aard ookal en hoeookal dit ontstaan wat teen Mischa ingestel kan word deur die Koper van alle Produkte, items, toerusting, goedere en/of aparate verkoop deur Mischa aan die Koper, insluitend maar nie beperk nie tot, die inbreuk maak op enige patent, geregistreerde ontwerp, teelreg, geregistreerde handelsmerk of kopiereg, of die Produkte wat gebrekkig of bederf is op enige wyse.**
- 8.3 **Mischa lewer geen waarborg en maak geen voorstelling wat verband hou met die Produkte nie, behoudens die waarborge en voorstellings wat Mischa uitdruklik verplig is om te gee ten opsigte van die Produkte kragtens die Verbruikerswet nie.**
- 8.4 **Behalwe soos uitdruklik verskaf in hierdie Standaard Bepalings is alle voorwaardes, waarborge of voorstellings (uitdruklik of stilswyend) wat betref die kwaliteit, geskiktheid, voldoening of andersins betreffende die Produkte uitdruklik uitgesluit.**

- 8.5 **Mischa sal nie aanspreeklik gehou word vir enige gebrek in die Produkte nie weens gebrekkige produksie, kwaliteit van rou materiale of andersins vir enige tekortkoming in die lewering van die Produk, tensy:**
- 8.5.1 die Koper vir Mischa skriftelik in kennis stel van enige tekortkoming van die Produkte binne 20 (twintig) Besigheidsdae vanaf datum van lewering daarvan; of
 - 8.5.2 die Koper vir Mischa skriftelik in kennis stel van enige gebreke binne 20 (twintig) Besigheidsdae vanaf datum van lewering daarvan; en
 - 8.5.3 die Koper vasstel, tot die redelike bevrediging van Mischa, dat sodanige gebrek in die Produkte of tekortkoming in die lewering daarvan nie ontstaan het as gevolg van enige verbreking deur die Koper van die voorwaardes van hierdie Standaard Bepalings of enige ander wet of as gevolg van die versuim van die Koper of sy werknemers, agente en verteenwoordigers nie.
- 8.6 **Mischa sal nie aanspreeklik teenoor die Koper wees vir enige indirekte of gevolgskade van watter aard ookal en hoeookal veroorsaak wat deur die Koper gely word of aangegaan is nie, insluitend maar nie beperk nie tot enige verlies opgeloop weens enige nalatigheid van Mischa, sy lede, werknemers, agente en/of verteenwoordigers nie.**
- 8.7 **Indien Mischa regtens aanspreeklik is vir enige gebrek of tekortkoming van die Produkte, sal Mischa se aanspreeklikheid beperk wees tot sy diskresie om:**
- 8.7.1 die Koper met soortgelyke vervangingsprodukte te voorsien (soos vasgestel volgens die redelike diskresie van Mischa); of
 - 8.7.2 die prys deur die Koper betaal vir die betrokke Produkte terug te betaal (ten volle of gedeeltelik).
- 8.8 **Sonder om die algemene verpligtinge van klousule 9.5 hierbo te beperk, word dit uitdruklik aangeteken en ooreengekom dat die aanspreeklikheid van Mischa voortvloeiend uit enige gebrek in die Produkte nie onder enige omstandighede hoegenaamd, die koopprys sal oorskry soos betaal deur die Koper vir die Produkte dienooreenkomstig hierdie Standaard Bepalings nie.**

- 8.9 Bykomend tot enige ander regs middels tot Mischa se beskikking, sal Mischa daarop geregtig wees om die vervulling van die Koopkontrak te enige tyd op te skort indien enige gebeurtenis, voorval of gebeurlikheid van watter aard ookal, buite beheer van Mischa ontstaan, as gevolg van geen of verminderde beskikbaarheid van rou materiale, stakings, uitsluitings, brand of enige ander aksie of gebeurtenis buite die redelike beheer van Mischa en wat inmeng met of voorkom dat Produkte vervaardig, geproduseer of gelewer kan word. Mischa sal voorts daarop geregtig wees om die spesifieke Koopkontrak te kanselleer indien enige van die gebeurtenisse of gebeurlikhede vir langer as 'n periode van 60 (sestig) dae voortduur met 'n skriftelike kennisgewing aan die Koper te dien effekte.
- 8.10 **Die Koper vrywaar hiermee en stel Mischa, die direkteure, aandeelhouders, werknemers en konsultante vry teen enige eise, verliese, koste en uitgawes aangeaan of gely deur enige van Mischa se direkteure, lede, werknemers en/of konsultante voortspruitend uit enige eis/e (van watter aard ookal) ingestel deur enige derde party en in verband met of in verbinding met die Produkte, ingesluit maar nie beperk nie tot enige eise voortspruitend uit die verdere verkoop van die Produkte deur die Koper aan sy kliënte.**

9. KONTRAKBREUK EN KANSELLASIE

- 9.1 Indien:
- 9.1.1 die Koper enige insolvensiehandeling pleeg (soos omskryf in die Wet op Insolvensie No. 24 van 1936), of gelikwedeer word (hetsy voorlopig of finaal), of handelreddingprosedures ondergaan, of 'n skikking aangaan of 'n ooreenkoms bereik met die algemene liggaam van sy krediteure, hy die onderwerp is van enige resoluëie aanvaar vir die likwidasië of ontbinding van, of as daar 'n bevel teen hom uitgereik is in enige regshof wat vir 'n periode van 10 (tien) dae onbevredigend is; of
- 9.1.2 enige bedrag deur die Koper aan Mischa verskuldig is welke bedrag vir 'n periode langer as 14 (veertien) dae agterstallig is hetsy ingevolge hierdie Standaard Bepalings of enige ander kontrak of vir watter rede ookal; of

9.1.3 die Koper andersins in stryd is met hierdie Standaard Bepalings of enige ander kontrak aangegaan met Mischa, versuim om sodanige verbreking te remedieer binne 14 (veertien) dae na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van Mischa om dit te remedieer,

dan, sonder benadeling van sy regte tot enige ander regs middels, sal Mischa geregtig wees om met skriftelike kennisgewing aan die Koper die:

9.1.4 betrokke Koopkontrak en enige ander kontrak tussen Mischa en die Koper te kanselleer;

9.1.5 geregtig wees om prestasie van alle of enige van sy pligte ingevolge die Koopkontrak of enige ander kontrak tussen Mischa en die Koper op te skort; of

9.1.6 om betaling van alle verskuldigde bedrae deur die Koper aan Mischa ingevolge hierdie Standaard Bepalings of enige ander kontrak tussen Mischa en die Koper te vereis, hetsy die bedrag op daardie stadium verskuldig en betaalbaar is of nie, en welke bedrag onmiddellik verskuldig en betaalbaar sal raak.

10. DISPUUTBESLEGTING, ONDERHANDELING, MEDIASIE DAN ARBITRASIE

10.1 Indien enige dispuut, meningsverskil of eis ontstaan tussen die Partye ("die dispuut") in verband met 'n Koopkontrak, hierdie Standaard Bepalings, of andersins, sal die Partye 'n poging aanwend om die dispuut by wyse van onderhandeling op te los. Dit behels dat een van die Partye aan die ander Party 'n skriftelike uitnodiging rig om te ontmoet en in goeie trou te poog om die dispuut op te los binne 7 (sewe) dae vanaf die datum van die skriftelike uitnodiging.

10.2 Indien die dispuut nie opgelos is by wyse van sodanige onderhandelinge binne 7 (sewe) dae vanaf die datum van aflewering van die skriftelike uitnodiging soos uiteengesit in klousule 10.1 hierbo nie, dan sal die Partye die dispuut onderwerp aan arbitrasie in ooreenstemming met die arbitrasiereëls van die Arbitrasie Stigting van Suider-Afrika ("AFSA").

10.3 'n Arbitrer/s sal deur AFSA aangestel word. Die besluit van die arbitrer/s sal, in die afwesigheid van 'n klaarblyklike dwaling of bedrog, finaal en bindend op die Partye wees en uitvoering sal gegee word daaraan en mag 'n bevel van die hof gemaak word.

- 10.4 Tensy skriftelik anders ooreengekom deur beide Partye, sal enige onderhandeling of arbitrasie van hierdie aard in Kaapstad plaasvind.
- 10.5 Geen bepalings in hierdie klousule 10 sal enige van die Partye verhinder om tussentydse of dringende regshulp aan te vra van 'n hof met bevoegde jurisdiksie nie.

11. GELDENDE REG

Hierdie Standaard Bepalings sal bepaal word en geïnterpreteer word kragtens die wette van die Republiek van Suid-Afrika.

12. REGSVERRIGTINGE

- 12.1 Behoudens die bepalings van die Verbruikerswet, sal Mischa daarop geregtig wees om enige regsverrigtinge in te stel teen die Koper in enige Landdroshof met die nodige jurisdiksie, selfs indien die skuldoorsaak of die eisbedrag die jurisdiksie van daardie Hof oorskry.
- 12.2 Ingevalle Mischa sy prokureurs instruksie gee om gelde vanaf die Koper in te vorder, sal die Koper aanspreeklik wees vir alle regskostes aangegaan deur Mischa op 'n prokureur/kliënt skaal, insluitend invorderingskommissie.

13. SESSIE EN BENOEMING

- 13.1 Die Koper sal nie geregtig wees om enige van sy regte of verpligtinge ingevolge hierdie Standaard Bepalings te sedeer, oor te dra of delegeer sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van Mischa nie.
- 13.2 Mischa sal geregtig wees om enige van sy regte of verpligtinge ingevolge hierdie Standaard Bepalings te sedeer, oor te dra of delegeer aan enige ander party(e) na skriftelike kennisgewing aan die Koper te dien effekte.

14. DOMICILLIA EN KENNISGEWING

- 14.1 Die partye kies as hul onderskeie *domicilium citandi et executandi* ("**domicilium**") vir doeleindes van kennisgewing, vir betekening van prosesstukke en vir enige ander doeleindes voortspruitend uit hierdie Standaard Bepalings die adresse soos uiteengesit in die Bestelvorm.

- 14.2 Elke Party sal geregtig wees om van tyd tot tyd, met skriftelike kennisgewing aan die ander Party, sy/haar domicilium te verander na enige ander adres wat nie 'n posbus of *poste restante* is nie.
- 14.3 Enige kennis gegee en enige betaling gemaak deur enige van die Partye aan die ander ("**die geadresseerde**") wat:
- 14.3.1 per hand afgelewer is gedurende normale besigheidsure van die geadresseerde by die domicilium van die geadresseerde op daardie tydstip, sal geag, ontvang te wees deur die geadresseerde op die tyd van aflewering, tensy die teendeel bewys is deur die geadresseerde;
- 14.3.2 per geregistreerde pos vanaf 'n adres in die Republiek van Suid-Afrika gepos is na die geadresseerde by die domicilium van die geadresseerde op daardie tydstip sal geag ontvang te wees deur die geadresseerde op die veertiende dag na die dag wat dit gepos is, tensy die teendeel bewys is deur die geadresseerde
- 14.4 Indien enige kommunikasie ingevolge hierdie Standaard Bepalings vereis word om op skrif te wees, sal die woorde "**op skrif**" insluit enige kommunikasie per telefaks en/of e-pos korrespondensie en sal geag ontvang te wees deur die geadresseerde een uur na versending van sodanige korrespondensie, tensy die teendeel bewys is deur die geadresseerde.
- 14.5 Desondanks enige andersluidende bepalings hierin vervat, sal 'n skriftelike kennisgewing wat inderdaad deur 'n Party ontvang is, dien as genoegsame skriftelike kennisgewing of kommunikasie aan sodanige Party, nieteenstaande die feit dat dit nie gestuur is of afgelewer is by die Party se gekose domicilium nie.

15. **ALGEMEEN**

- 15.1 **Geen wysiging, kansellasië, verandering of toevoëging hiertoe (van enige aard) sal van krag wees tensy dit op skrif gestel is en deur albei Partye onderteken is nie.**

- 15.2 Desondanks enige uitdruklike of geïmpliseerde voorwaardes teenstrydig met hierdie bepalings en voorwaardes, of enige tydspeling of tydsverlenging wat deur Mischa toegelaat is en wat verband hou met enige aangeleentheid of saak waaraan die Koper gehoor moet gee of moet eerbiedig kragtens hierdie bepalings en voorwaardes, sal dit onder geen omstandighede geag te wees 'n afstanddoening van Mischa se regte te wees nie. Mischa is te enige tyd geregtig daarop om sonder kennisgewing en desondanks sodanige vergunning, streng en stiptelike nakoming van elke voorwaarde of bepaling hiervan te vereis.
- 15.3 Indien enige bevoegde gesag beslis dat enige van die voorwaardes van hierdie Standaard Bepalings ongeldig of onafdwingbaar in geheel of gedeeltelik is, dan sal sodanige voorwaarde wat betref die ongeldigheid of onafdwingbaarheid skeidbaar wees van die oorblywende voorwaardes en sodanige oorblywende voorwaardes sal voortgaan om van krag te wees.
- 15.4 Elke voorwaarde hierin vervat is skeidbaar, die een van die ander, en indien enige voorwaarde te eniger tyd onwettig, ongeldig, gebrekkig of onafdwingbaar deur enige bevoegde hof bevind word vir watter rede ookal, sal die oorblywende voorwaardes nog van krag wees en voortduur om van krag te wees.

16. **KENNISGEWING: VERBRUIKERSWET**

- 16.1 Indien hierdie Standaard Bepalings, die Koopkontrak en/of enige Produkte soos hierin bepaal deur die Verbruikerswet reguleer word, is dit nie die bedoeling dat enige voorwaarde van hierdie dokument in stryd is met enige voorwaarde van die Verbruikerswet nie en sal alle voorwaardes van hierdie dokument met die nodige voorbehoud hanteer word om te verseker dat aan die voorwaardes van die Verbruikerswet voldoen word.
- 16.2 Geen voorwaarde van hierdie Standaard Bepalings stel voor of gee te kenne om enige aanspreeklikheid van Mischa te beperk of te vrywaar weens enige verlies direk of indirek toe te skryf aan Mischa se growwe nalatigheid of opsetlike verstek of van enige werknemer, agent of enige ander persoon wat optree vir of namens Mischa in soverre die reg dit nie toelaat nie en geen bepaling van die dokument vereis dat die Koper risiko of aanspreeklikheid moet aanvaar vir hierdie tipe skade vir soverre die reg dit nie toelaat nie.

17. LET WEL

- 17.1 Paragrafe 6, 7 en 8 beperk en sluit verpligtinge, aanspreeklikheid en regs aanspreeklikheid wat Mischa teenoor die Koper mag hê uit en beperk ook en sluit uit die Koper se regte en regsmiddels en plaas verskeie risiko's, aanspreeklikhede, verpligtinge en regsverantwoordelikhede op die Koper;
- 17.2 paragrafe 3, 4 en 6 bevat 'n veronderstelling van risiko deur die Koper en kan die Koper se regte en regsmiddels om 'n eis(e) teen Mischa in te stel, beperk.
- 17.3 verskeie voorwaardes van hierdie Standaard Bepalings bevat erkennings van feite deur die Koper. Die Koper moet elke paragraaf sorgvuldig lees en moet homself vergewis dat sodanige erkenning waar en juis is. Indien dit nie waar en juis is nie kan sodanige erkenning die Koper se reg beperk om later aanspraak te maak daarop dat hy nie bewus was van die feite of dat die erkenning nie waar en juis is nie; en
- 17.4 paragrafe 6 en 8 vereis van die Koper om vir Mischa te vrywaar teen enige eise wat teen Mischa aanhangig gemaak kan word onder sekere omstandighede. Dit kan verskeie risiko's, aanspreeklikhede, verpligtinge en regsverantwoordelikhede op die Koper plaas en vir Mischa geregtig maak op betaling van die bedrae so geëis vanaf die Koper.
- 17.5 ter voldoening aan die Verbruikerswet is sekere gedeeltes van hierdie Standaard Bepalings in vet druk aangetoon. Verseker asseblief dat u as Koper genoeg geleentheid gegun is om hierdie bepalinge te verstaan. As die Koper nie hierdie bepalinge verstaan nie, of as die Koper nie die uitwerking daarvan besef nie, vra asseblief vir 'n verduideliking en moenie hierdie Standaard Bepalings aanvaar tot tyd en wyl sodanige bepalinge nie aan die Koper verduidelik is tot die Koper se bevrediging nie.